
# 4 Aan U kom toe die ere




Omhoog verhef die eng’le hul stemme tot u lof
en hier op aarde antwoord die skepsels van die stof.

***R.*** *Aan U kom toe die ere,*
*Verlosser, Koning, Heer;*
*hosanna het die kinders*
*U toegejuig weleer!*

Vanouds het die Hebreërs met psalms u Naam geprys
en nou laat ons aanbiddend ons liedere verrys. ***R.***

Aan U net voor u lyding het hul ‘n lied gesing;
aan U nou hoog verhewe wil ons ‘n lofsang bring. ***R.***

Neem aan ook nou ons hulde soos hulle lof en eer,
U wat ‘n welgevalle het in die goeie, Heer. ***R.***

St Theodulfus van Orleans (c. 750-821) M. Teschner (1584-1635)